Laerskool Louis Leipoldt

Die skool waar jy saakmaak

26 Maart 2018

Geagte Ouer/s

INSKRYWING VAN GRAAD 1 LEERDERS VIR 2019 – Vanaf 16 April 2018

Soos voorgeskryf deur die Departement van Onderwys, moet alle Graad 1 leerlinge vir 2019 se inskrywing deur die E-platform proses geskied.

Ons wil graag vroegtydig die belangrikste punte vir ouers deurgee om seker te maak dat u al die nodige inligting het en om u te help om hierdie proses suksesvol af te handel. Om teleurstelling en spanning te voorkom, versoek ons dat u die volgende inligting deeglik bestudeer en daarvolgens beplan:

1. **Geen inskrywing kan direk by die skool gedoen word nie**, maar moet deur die E-platform (internet) gedoen word – die doel van die stelsel is om alle ouers 'n gelyke kans te gee.

2. Let asseblief daarop dat die stelsel **nie voorkeur verleen aan Gr R leerders wat in 2018 by die skool ingeskryf is nie**. Die skool het geen beheer oor die proses nie, daarom moet u as ouer seker maak dat u kind deur die E-platform ingeskryf is in die skool van u keuse.

3. Die stelsel gee wel **voorkeur** volgens die volgende kriteria:
   - Leerlinge wie se ouers in die skool se voedingsarea bly
   - Leerlinge wat reeds boeties/sussies in die skool het
   - Leerlinge wie se ouers in die voedingsarea werk

4. Die Departement het bevestig dat **E-platform inskrywings op Maandag 16 April om 8h00 open** – www.gdeadmissions.gov.za **en sluit 28 Mei 2018.**

   Dis uiters belangrik dat u **so gou moontlik inskryf** – toelating geskied volgens n nommer volgorde, wat beteken dat wanneer die toegelate getal bereik is, die skool nie nog leerders kan inneem nie – hoe gouer, hoe beter om te verseker dat u kind in die skool van u keuse plek kry.

5. Om u behulpsaam te wees met die inskrywingsproses, sal daar op **16 April vanaf 8h00 in die saal, rekenaarstasies beskikbaar wees** waar personeel u sal bystaan met die proses. Veilige parkering is op die rugbyveld beskikbaar. Vir enige navrae skakel Mev Ansebè van Niekerk by die skoolkantoor (012 664 5798).

Wees verseker dat die skool inligting aan voornemende ouers sal deurgee soos dit van die Departement van Onderwys ontvang word.

P H Ferreira
Skoolhoof

H/v Langebrinkweg en Pretoriuslaan, Lyttelton • Posbus 14022, Lyttelton, 0140
Epos: Algemeen: admin@louisleipoldt.co.za, **Finansies:** finansies@louisleipoldt.co.za
Tel: 012 664 5798/9 • **Faks:** 012 664 2155 • **Webwerf:** www.louisleipoldt.co.za